

Juliet Marais Louw: *When Johannesburg and I were young.* Amagi Books, Johannesburg, 1991. 111 pp. Geïll. ISBN 0958310556.

Dis jammer dat dié nostalgiese terugblik op die vroeë Johannesburg, deur die oë van jong Juliet, nie tydens die Eeufees van Johannesburg in 1986 gepubliseer kon word nie. Dit sou 'n besliste verryking van die Eeufeesliteratuur gewees het. Weliswaar het baie van

die skryfster se herinneringe vervaag “into the dust of early Johannesburg”, maar daar is tog genoeg om ’n warm, menslike inhoud aan ’n belangrike deel van die geskiedenis van Johannesburg te gee.

Ons maak in die boek kennis met die Rosentalgesin: Vatie (Richard Rosental), Mutti (nee Hedwig de Beer) en die twee kinders, Eric Rosental en sussie Juliet wat in 1910 gebore is. Ons beleef saam met die gesin onder andere die trauma van die Eerste Wêreldoorlog, toe dinge vir ’n Duitse gesin nie altyd maklik verloop het nie.

Weens hulle verblyf in verskillende gebiede van die stad (o.a. die huidige Hillbrow, Yeoville, Bellevue en Parkview) maak ons kennis met die mense en die leefwyse in die betrokke voorstede. Ons beleef saam met Juliet ’n ou grot in Berea, met oorblyfsels uit die Steentydperk, wat helaas lankal reeds onder geboue verdwyn het; die ou Parkstasie met sy imposante struktuur van gegote yster; die ou mark in Newtown; die Standardteater; die sterrewag in Observatory; die Lemoenplaas wat later Orange Grove sou heet; die Louw Geldenhuysplaas waarop later die voorstad Emmarentia sou ontstaan; Saksenwald, wat later Saxonwold genoem sou word; ritte per trein en bus, en ons stap saam met haar deur piekniekveld wat later in woongebiede omskep sou word. Saam met die Rosentalgesin maak ons ook kennis met interessante mense, wat in enkele gevalle wêreldbekendheid verwerf het: Mahatma Gandhi, wat as prokureur in die stad gepraktiseer het en op ’n goeie dag in 1917 deur ’n Cockney-hysbakoperateur uit sy hysbak geskel is (let wel - in 1917 en nie in 1948 nie!); Walter Madeley, Arbeider L.V.; Dr. C. Louis Leipoldt, Mediese Inspekteur van Skole; Dr. Hans Merensky, vermoënde ontdekker van platina in Oos-Transvaal en latere ondersteuner van talle verdienstelike projekte; Sir Arnold Theiler van Onderstepoort, as kenner van bilharzia; Sir en Lady George Albu, wat die statige herehuis, Northwards, op Parktownrif besit het; Dr. R.T.A. Innes, sterrekundige van die Unie van Suid-Afrika; Sydney Carter, skilder; Herman Eckstein, wat die terrein vir die Johannesburgse Dieretuin aan die stad geskenk het: kol Deneys Reitz, skrywer van “Commando”; die wêreldbekende aktrise, Sybil Thorndike, wat vir Isidore Schlesinger se African Theatres in ’n aantal teaterproduksies in Johannesburg opgetree het. Bogenoemde is maar ’n paar van die kleurrike persoonlikhede met wie ons saam met die Rosentals (“Rosentalkers”, omdat hulle glo so graag gesels het) kennis maak.

Juliet Marais Louw het in “When Johannesburg and I were young” talle mooi momente uit die boeiende wordingsgeskiedenis van ons grootste stad vir die nageslag toeganklik gemaak. Enige plaaslike en streekhistorikus sal genot kan put uit die deurlees van dié geïllustreerde “child’s-eye view of people and events”.

Jan Cronje

Ondervoorsitter: Johannesburgse Eeufeesgenootskap, 1986